PC10/1/1/2

ALAN PATON CENTRE

# Farewell Tributes To Rubin

C. Times 5.1.60

SENATOR Leslie Rubin, an Africans' representative, who leaves next week to take up an important law appointment in Ghana said last night: "In Ghana I hope to continue at a different level the work that I have been trying to do in this country."

He was responding to tributes which had been paid him by individuals and representatives of organizations at a special farewell meeting in the Cathedral Hall, Cape Town, attended by about 250 people of different races.

He said: "If ever there has been a people which has been subjected to the grossest provocation it is the African people and if there ever is a people that has resisted being provoked and been determined to pursue their ends in accordance with the highest principles of democracy it has been the African people.

## NEW DEVELOPMENT

"The guarantee of their success is that they have inherited a natural democratic tradition."

An encouraging development in South Africa was that in the past few months *apartheid* had been criticized "in Keerom Street almost as much as in Parliament". Thinking Afrikaners were beginning seriously to question the validity of *apartheid*.

Among the speakers who joined in the tribute to Senator Rubin were the Most Rev. Joost de Blank, Anglican Archbishop of Cape Town, Mr. Donald Molteno, QC, Mr. Leo Marquard, Mr. Peter Hjul, of the Liberal Party, Mr. Joseph Nkatlo, Mrs. M. C. Petersen, national chairman of the Black Sash, Mr. J. la Guma, president of the South African Coloured People's Congress, representatives of the African National Congress and the Treason Trial Defence Fund, Prof. B. Beinart, Mr. J. C. A. Daniels and Mr. Gerald Gordon, QC.

# Sen. Rubin na Ghana as Ambassadeur, Sê De Blank

5.1.60

IN hoëre kringe is daar 'n mate van traagheid om ambassadeurs na lande soos Ghana te stuur. Sen. Leslie Rubin is die nie-amptelike ambassadeur vir duisende mense wat uitsien na die dag wanneer Afrika 'n reeks onafhanklike state sal wees wat sal saamwerk.

Só het dr. Joost de Blank, Anglikaanse aartsbiskop van Kaapstad, gisteraand in die Katedraalsaal gesê by 'n spesiale afskeid vir sen. Rubin en sy gesin. Dis deur ongeveer 250 mense — merendeels nie-blankes — bygewoon. Sen. Rubin vertrek op 11 Januarie uit Kaapstad om senior lektor in die regte aan die Universiteit van Ghana te word en ook direkteur van die Institute of African Law, wat vanjaar daar tot stand kom.

„Natuurlik is baie mense bly om van sen. Rubin afskeid te neem," het die Aartsbiskop gesê. „Ons is egter nie. In sy gasvrye huis het ek mense uit alle lewensfere ontmoet — almal besiel met die ideaal van maatskaplike regverdigheid."

Hy het hom sukses toegewens en die hoop uitgespreek dat nog baie van hom gehoor sal word.

## AANWINS VIR GHANA

Ander sprekers soos adv. Donald Molteno, Q.C., en mev. M. C. Petersen, Uniale voorsitster van die Black Sash, het gesê dat hy vir Ghana 'n aanwins sal wees. Mnr. Leo Marquard het gesê hy wens hy kon saamgaan. Mnr. Peter Hjul het hom namens die Liberale Party alles van die beste toegewens.

Mev. T. Snitcher het gepraat namens die Treason Trial Defence Fund. Prof. B. Beinart het sy akademiese navorsing geprys. 'n Verteenwoordiger van die A.N.C. was ook aan die woord.

„Sonder sen. Rubin sal die Senaat maar 'n droë plek wees, het adv. Gerald Gordon, Q.C., gesê.

Sen. Rubin het die Aartsbiskop vir sy moed geprys, „omdat hy iets veroordeel wat sleg is".

„Ek het altyd geweet dat ek 'n goeie saak steun," het hy gesê. Hy sal nie ophou om in die toekoms van Suid-Afrika belang te stel nie.

'n Naturellevrou het mev. Rubin 'n ruiker aangebied.

# ,KERSFEES IS KAPITALISTE SE SET'

LONDEN. — Christus het nooit bestaan nie en die Kersfees is 'n kapitalistiese sameswering om die werkers in kettings te hou. Só het die Moskouse omroep gister verklaar.

Dat Christus nie bestaan het nie, word vernaamlik daardeur bewys dat die geskiedkundiges en skrywers wat in sy tyd gelewe het, nooit na hom verwys het nie, is verklaar.

„Wat is die wese van die Kersfees? Soos ander godsdienstige feeste is die fees van die Christusgeboorte hoofsaaklik daarop bereken om in die gemoedere van die gelowiges daardie gedragsvorme te bestendig wat in belang van die uitbuiters is.

„Op die dag van hierdie fees preek die predikant met besondere krag dat die werkers geduldig, nederig en slaafs onderdanig moet wees — waarvoor hulle geluksaligheid ná die dood en anderkant die graf belowe . .

„Die legende van die Kersfees besoedel die gemoedere van die gelowiges met verkeerde en teen-